Posbus 132, Persequor Park, 0020
Tel : 012 349 1102

NUUSVRYSTELLING

(vir onmiddellike vrystelling)

MODUS OPERANDI VAN DIE OORTREDER VERANDER DIKWELS

Die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum is by baie vergaderings en misdaadvoorkomingsgroepe oor die hele land betrokke en dit is duidelik dat die *modus operandi* van oortreders ‘n groot uitdaging is, veral in Gauteng.

Die Forum het reeds by vorige geleenthede teen verskeie aspekte van veediefstal gewaarsku, sowel as die betrokkenheid van die vee-eienaar om sy lewendehawe te beskerm. Die jongste bewyse toon dat vee-eienaars meer waaksaam is en hul diere gereeld tel. Hulle haas hulle ook na veilings en abattoirs wanneer hul vee gesteel is. Dit bemoeilik sake vir veediewe en die gevolg daarvan is dat meer en meer brutale slagtings van diere op ‘n daaglikse basis plaasvind.

Sulke slagtings kom veral in die oostelike en suidelike gedeeltes van Gauteng in gebiede soos Bronkhortspruit, Welbekend, Akasia en Temba voor. In die Vrystaat moet spesiale vermelding gemaak word van gebiede soos Heilbron, Deneysville, Zamdela, Parys en Vredefort.

Daarom moet die publiek bewus gemaak word van die impak van veediefstal, die brutaliteit wat daarby betrokke is, asook die verandering in die *modus operandi* van oortreders.

Impak van veediefstal



Ekonomiese impak van veediefstal in Suid-Afrika

		2011/2012	2012/2013	2013/2014	2014/2015	2015/2016	2016/2017
TOTAAL	**Gesteel**	R830,906,600	R757,155,750	R788,536,200	R819,045,200	R877,381,700	R1,058,806,200
	Terug-gevind	R344,271,900	R282,034,950	R277,475,800	R301,452,200	R309,211,200	R324,285,400
	Verlore	R486,634,700	R475,120,800	R511,060,400	R517,593,000	R568,170,500	R734,520,800
Beeste	**Gesteel**	R621,099,000	R557,820,000	R598,017,000	R610,467,000	R653,148,000	R796,328,000
	Terug-gevind	R288,855,000	R233,760,000	R231,735,000	R247,632,000	R251,676,000	R263,965,000
	Verlore	R332,244,000	R324,060,000	R 66,282,000	R362,835,000	R401,472,000	R532,363,000
Skape	**Gesteel**	R141,675,000	R138,105,000	R127,540,800	R143,541,200	R153,183,700	R180,086,000
	Terug-gevind	R35,353,500	R32,052,450	R26,660,800	R35,523,200	R38,243,200	R36,006,000
	Verlore	R106,321,500	R106,052,550	R100,880,000	R108,018,000	R114,940,500	R144,080,000
Bokke	**Gesteel**	R68,132,600	R61,230,750	R62,978,400	R65,037,000	R71,050,000	R82,392,200
	Terug-gevind	R20,063,400	R16,222,500	R19,080,000	R 18,297,000	R19,292,000	R24,314,400
	Verlore	R48,069,200	R45,008,250	R43,898,400	R46,740,000	R51,758,000	R58,077,800

Ongeag die ekonomiese impak van veediefstal is die wreedheid en die manier waarop die misdaad uitgevoer word, heeltemal onaanvaarbaar.

Verdere navrae

Mnr Willie Clack
Voorsitter : Nas. Veediefstal Voorkomingsforum
Selfoon : **082 574 2653**
Epos : **wclack@unisa.ac.za**

Mnr Gerhard Schutte
HUB : RPO
Selfoon : **082 556 7296**
Epos : gerhard@rpo.co.za

Mnr Jaco Taute
Voorsitter : Gauteng VVF
Selfoon : **082 635 2424**
Epos : prointernational@absamail.co.za

Lt.Kol Jaco Greyling
Koördineerder : SAPD
Veediefstaleenheid
Selfoon : **082 335 1083**
Epos :
gppta.cullinan.stu@saps.gov.za

- o O o -

Die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum wil die volgende beelde onder die publiek se aandag bring.